

**Vaders se ervaring en belewenis van ouervervreemding  
weens hoë-konflik-egskeiding**

**Elsabé Bosch-Brits**

**21071950**

**BA Hons MW (US), BA Hons Sielkunde (US)**

Manuskrip voorgelê ter gedeeltelike nakoming van  
die vereistes vir die graad

**MAGISTER**

in

**MAATSKAPLIKE WERK: FORENSIESE PRAKTYK**

in die

**FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE**

van die

**NOORDWES-UNIVERSITEIT**

**(POTCHEFSTROOMKAMPUS)**

Studieleier: Prof CC Wessels

Potchefstroom

2014

**Vaders se ervaring en belewenis van ouervervreemding  
weens hoë-konflik-egskeiding**

**Elsabé Bosch-Brits**

**2014**

## DANKBETUIGINGS

Besondere waardering en opregte dank word hiermee betuig aan:

- ❖ *Professor Cornelia Wessels vir haar eindelose geduld, mentorskap, tyd en onvoorwaardelike aanvaarding.*
- ❖ *My pragtige tienerdogters, Leandra en Zandria, en my man Phillip vir hulle opoffering, tyd en ondersteuning.*
- ❖ *Mev Carol Breet, my sekretaresse, my grootste ondersteuner en steunpilaar.*
- ❖ *Mnr Nestus Venter vir al sy moeite en hulp met naslaanwerk van geskikte bronne.*
- ❖ *Opregte dank aan my Hemelse Vader vir die krag en deursettingsvermoë om hierdie navorsing suksesvol te kan voltooi.*

**Opgedra aan:**

Hierdie navorsing word opgedra aan wyle Deon Kondos, 23 jaar oud. 'n Klasmaat en medemaatskaplike werker wat sy lewe tragies verloor het tydens 'n hoë-konflik-toesigbesoek in 2013.

***“And only when we are no longer afraid, do we begin to live in every experience. Painful or joyous, to live in gratitude for every moment, to live abundantly”.***

Dorothy Thompson

## PLEGTIGE VERKLARING

Hiermee verklaar ek, Elsabé Bosch-Brits, dat hierdie artikel getitel “Vaders se ervaring en belewenis van ouervervreemding weens hoë-konflik-egskeiding” my eie werk is. Ek verklaar ook dat bronne en verwysings wat gebruik en aangehaal is deur middel van gestandaardiseerde verwysingstegnieke aangedui en erken is.

.....

Handtekening

Elsabé Bosch-Brits.

.....

Datum

# INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGINGS.....	I
PLEGTIGE VERKLARING .....	II
INHOUDSOPGAWE.....	III
OPSOMMING .....	VII
SUMMARY .....	IX
VOORWOORD.....	XI
INSTRUCTIONS TO AUTHORS.....	XII
VADERS SE ERVARING EN BELEWENIS VAN OUERVERVREEMDING WEENS HOËKONFLIK-EGSKEIDING .....	1
<b>OPSOMMING.....</b>	<b>1</b>
<b>SUMMARY .....</b>	<b>1</b>
<b>1. PROBLEEMSTELLING.....</b>	<b>2</b>
<b>2. DOELSTELLING.....</b>	<b>7</b>
<b>3. SENTRALE TEORETIESE STELLING.....</b>	<b>8</b>
<b>4. NAVORSINGSMETODOLOGIE .....</b>	<b>8</b>
4.1 Literatuurstudie .....	8
4.2 Empiriese studie.....	9
4.3 Prosedure en werkswyse.....	14
4.4 Vertrouenswaardigheid .....	15
4.5 Etiese aspekte .....	16
<b>5. DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE .....</b>	<b>18</b>
5.1 Ouervervreemding .....	18
5.2 Vervremende ouer .....	19
5.3 Teiken-ouer .....	19
5.4 Vaders.....	19
5.5 Hoë-konflik-egskeiding .....	19
5.6 Ervaring en belewenis .....	19
<b>6. MOONTLIKE TEKORTKOMINGE IN DIE ONDERSOEK .....</b>	<b>19</b>
<b>7. BESPREKING VAN RESULTATE .....</b>	<b>20</b>
7.1 Tema1: Belewenis van intense seer .....	21
7.2 Tema 2: Ongekende woede .....	22
7.3 Tema 3: Verlies aan eiewaarde.....	23
7.4 Tema 4: Wantroue teenoor vrouens.....	24
7.5 Tema 5: Oerlike verantwoordelikheid en regte.....	25
7.6 Tema 6: Konstante bekommernis oor hul kinders se fisiese en sosiale welstand .....	26
7.7 Tema 7: Wantroue in die hofsisteem .....	28
7.8 Tema 8: Toesig en kontak .....	30
<b>8. GEVOLGTREKKING.....</b>	<b>32</b>
<b>9. AANBEVELING .....</b>	<b>33</b>
<b>10. SAMEVATTING .....</b>	<b>34</b>
<b>BRONNELYS .....</b>	<b>36</b>

BYLAAG 1 .....	42
SELEKSIEKRITERIA VAN DEELNEMERS .....	42
CRITERIA REQUIRED FOR THE SELECTION OF PARTICIPANTS .....	42
BYLAAG 2 .....	49
TOESTEMMINGSVORM OM DEELNAME AAN NAVORSING - CONSENT FORM FOR PARTICIPANTS.....	50
BYLAAG 3 .....	51
VADERS SE ERVARING EN BELEWENIS VAN OUERVERVREEMDING WEENS HOË-KONFLIK-EGSKEIDING .....	52
BYLAAG 4 .....	55
PARENTAL ALIENATION AS EXPERIENCED BY FATHERS IN HIGH CONFLICT DIVORCE.....	56
BYLAAG 5 .....	59
ETHICS APPLICATION .....	60
BYLAAG 6 .....	61
TAALVERSORGING.....	62

## OPSOMMING

**TITEL: Vaders se ervaring en belewenis van ouervreemding weens hoë-konflik-egskeiding.**

**Sleutelwoorde:** *ouervreemding, hoë-konflik-egskeiding, ervaring en belewenis.*

Ouervreemding is 'n belangrike verskynsel waarvan gesinsorgwerkers en regspraak kennis moet bekom en wat dit moet verstaan.

Ouervreemding vind plaas wanneer een ouer die kontak en verhouding tussen die kind en die ander ouer sonder grondige redes daarvoor ondermyn of benadeel. Die verskynsel van ouervreemding kom hoofsaaklik in die hoë-konflik-egskeiding voor en gaan dikwels gepaard met sorg- en kontakdispute.

Die doelstelling van hierdie navorsing is om die vader se ervaring en belewenis van ouervreemding weens hoë-konflik-egskeiding te ondersoek sodat dit kan lei tot beter hulpverlening aan die geteikende vader deur maatskaplike werkers.

In hierdie kwalitatiewe studie is daar van die verkennende en interpretatiewe navorsingsontwerp gebruik gemaak.

Ses vaders is deur 'n doelgerigte steekproeftrekking geselekteer. Data is ingesamel deur 'n deurtastende onderhoud met elke deelnemer individueel sowel as veldnotas wat deur die navorser gemaak is .

Die kwalitatiewe data wat verkry is, is getranskribeer en met die hand verwerk in temas.

Agt temas is geïdentifiseer uit die vaders se ervaring en belewenis van ouervreemding weens hoë-konflik-egskeiding.

Die temas is:

- Tema 1:      Belewenis van intense seer
- Tema 2:      Ongekende woede
- Tema 3:      Verlies aan eiewaarde
- Tema 4:      Wantroue teenoor vroue
- Tema 5:      Ouerlike verantwoordelikhede en regte
- Tema 6:      Konstante bekommernis oor hul kinders se fisiese en sosiale welstand



Tema 7: Wantroue in die hofsisteem

Tema 8: Toesig en kontak

Uit die navorsing is dit duidelik dat vaders ouervervreemding op verskeie funksioneringsvlakke as traumaties en/of negatief ervaar.

Uit die bevindinge het dit geblyk dat ouervervreemding 'n realiteit is en die noodsaaklikheid van verdere navorsing oor hierdie verskynsel het duidelik na vore gekom.

## SUMMARY

### **TITLE: Fathers' experience and perceptions of parent alienation due to high-conflict divorce**

*Key words: parent alienation, high-conflict divorce, experience and perceptions*

Parent alienation is an important phenomenon of which family care workers and legal professionals need to take cognisance of and understand.

Parent alienation occurs when one parent undermines or prejudices the contact and relationship between the child and the other parent without well-founded reasons. The phenomenon *parent alienation* mainly occurs in the high-conflict divorce and is often accompanied by care- and contact disputes.

The aim of this research is to investigate the father's experience and perceptions of parent alienation due to high-conflict divorce so that it can lead to social workers providing the targeted father with more appropriate assistance.

In this qualitative study the exploratory and interpretative research design was used.

Six fathers were selected by means of purposive sampling. Data was collected by means of an in-depth interview with each participant individually as well as field notes made by the researcher.

The qualitative data obtained was transcribed and processed by hand in themes.

Eight themes were identified from the fathers' experience and perceptions of parent alienation due to high-conflict divorce.

The themes are:

Theme 1: Perception of intense pain

Theme 2: Unparalleled rage

Theme 3: Loss of self-esteem

Theme 4: Distrust in women

Theme 5: Parental responsibilities and rights

Theme 6: Consistent concern about their children's physical and social well-being

Theme 7: Distrust in the court system

## Theme 8: Supervision and contact

It is clear from the research that fathers experience parent alienation in several levels of functioning as traumatic or negative.

It appeared from the findings that parent alienation is a reality and the necessity for further research on this phenomenon clearly came to the fore.

## **VOORWOORD**

Die artikelformaat is ooreenkomstig Regulasie A.7.5.7.4 vir die graad Magister Maatskaplike Werk: Forensiese Praktyk gekies. Die artikel voldoen aan die vereistes van die vaktydskrif *Social Work/Maatskaplike Werk*.

Die artikel bestaan uit 60 krediete uit 'n totaal van 188 krediete van die Magister Maatskaplike Werk: Forensiese Praktyk.

## INSTRUCTIONS TO AUTHORS

The Journal publishes articles, book reviews and commentary on articles already published from any field of social work. Contributions may be written in English and Afrikaans. All articles should include an abstract in English of not more than 100 words. All contributions will be accepted or rejected by the editorial committee. All refereeing is strictly confidential. Manuscripts may be returned to the authors if extensive revision is required or if the style or presentation does not conform to the Journal practice. Articles of fewer than 2,000 words or more than 10,000 words are normally not considered for publication. Two copies of the manuscripts as well as a diskette with the text, preferably in MS Windows should be submitted. Manuscripts should be typed in 12 pt Times Roman, double spaced on one side of A4 paper only. If possible, the manuscript should be sent electronically to [hsu@sun.co.za](mailto:hsu@sun.co.za). Use the Harvard system for reference. Short references in the text: the surname(s) of the author(s), year of publication and page number(s) must appear in parenthesis in the text, e.g. "...” (Berger, 1967:12). More details about sources referred to in the text should appear at the end of the manuscript under the caption "References". The sources must be arranged alphabetically according to the surnames of the authors.

# **VADERS SE ERVARING EN BELEWENIS VAN OUERVERVREEMDING WEENS HOË-KONFLIK-EGSKEIDING**

*Bosch-Brits, E & Wessels, CC*

*(Me E Bosch-Brits is 'n maatskaplike werker in Privaat Praktyk en Mede-Professor Wessels is 'n Assosiaat Professor in die Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe, in die Vakgroep Maatskaplike Werk, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus)*

## **OPSOMMING**

Ouervervreemding, waar die een ouer die verhouding en kontak tussen die kind en die ander ouer sonder grondige redes ondermyn of benadeel, is 'n komplekse verskynsel wat dikwels in Suid-Afrika voorkom (Bekker et al., 2004:27). Ouervervreemding is 'n verskynsel wat hoofsaaklik in hoë-konflik-egskeiding en in sorg- en kontakdispute voorkom.

Volgens Goldberg en Goldberg (2013:111) is die ervaring wat die vervreemde ouer tydens ouervervreemding beleef byna net so traumaties as die dood van 'n kind.

Hierdie artikel fokus op die vader se ervaring en belewenis van ouervervreemding weens hoë-konflik-egskeiding sodat hierdie kennis kan lei tot beter hulpverlening deur maatskaplike werkers aan die vervreemde vader.

## **SUMMARY**

Parent alienation where the one parent undermines or prejudice the relationship and contact between the child and the other parent without well-founded reasons, is a complex phenomenon that often occurs in South Africa (Bekker et al., 2004:27). Parent alienation is a phenomenon that mainly appears in high-conflict divorces and in care- and contact disputes.

According to Goldberg and Goldberg (2013:111) the experience the alienated parent perceives during parent alienation is practically just as traumatic as the death of a child.

This article focuses on the father's experience and perception of parent alienation due to high-conflict divorce so that this knowledge can lead to better assistance to the alienated father by social workers.

## 1. PROBLEEMSTELLING

Hierdie navorsing maak deel uit van die sambreelprojek met die titel “Die ontwikkeling en evaluasie van programme en ’n protokol in Forensiese Maatskaplike Werk”. Skriftelike toestemming vir die sambreelprojek NWU-0027-09-A1 is van die Health Research Ethics Committee van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe van die Noordwes-Universiteit Potchefstroomkampus ontvang.

In die navorser se privaatpraktyk van meer as 23 jaar is ouervervreemding ’n realiteit en dit het veral in die afgelope drie jaar toegeneem. Ouervervreemding vind in die praktyk, veral in hoë-konflik-egskeidings, plaas waar die betrokke ouers veg om ouerlike sorg van en kontak met die betrokke kinders. Dit is ongelukkig so dat wanneer die egskedding gefinaliseer is, die disfunksionele verhoudinge in die gesin voortduur. In die praktyk is dit veral vaders wat van hulle kinders vervreem word.

Volgens die 2012/2013 Jaarverslag van die Departement van Justisie was daar ’n 28% styging in die egskeddingsyfer in Suid-Afrika. Gedurende 2012 is 39 573 egskeddingsake aangemeld en in 2013, 50 517. Volgens Oosthuizen (2011:1) is die oorwegende redes vir die styging in egskeddingsake in Suid-Afrika vroue-bemagtiging, rolverwarring, finansiële afhanklikheid asook die afname in die stigmasering van egskedding. Die feit dat dit in Suid-Afrika baie maklik is om te skei stoot hierdie syfers egter nog hoër op. In die navorser se praktyk word hoë-konflik-egskeddingsgevalle hoofsaaklik gekenmerk deur wedersydse verbale en/of nie-verbale aggressie-, litigasie-, kontak- en sorgdispute asook ’n onvermoë van die betrokke partye rakende positiewe kommunikasie en om konflikoplossing te hanteer.

Rand (1997:5) beskryf hoë-konflik-egskedding soos volg: “High conflict divorce is characterized by intense and/or protracted post-separation conflict and hostility between the parents which may be expressed overtly through on-going litigation, verbal and physical aggression, and tactics of sabotage and deception”. Uit laasgenoemde is dit dus duidelik dat hoë konflik tussen die partye so te sê ’n gegewe is waar daar ook reeds voor die egskedding ’n mate van konflik was. Die probleem verder is dat daar soveel aggressie is en dat die partye nie met mekaar sinvol kan kommunikeer nie en dink dat hulle eerder met litigasie tot ’n ooreenkoms kan kom.

In die praktyk lei hoë-konflik-egskeddings ook daartoe dat kinders in die proses as pionne tussen ouers gebruik word. Rand (1997:6), Eddy (2010:5) asook Evans en

Bone (2011:1) bevestig hierdie stelling en is van mening dat ouervervreemding in hoë-konflik-egskeidings algemeen voorkom en dat die kind byna altyd in die middel van die konflik vasgevang raak. Dié hoë egskeidingsyfer in Suid-Afrika lei tot 'n groter aantal sorg- en kontak-dispute wat weer tot gevolg het dat daar 'n hoër voorkoms in ouervervreemding in Suid-Afrika is. Wanneer hoë-konflik-egskeidings, gepaardgaande met 'n geveg oor "sorg en kontak" te lank in die juridiese sisteem vasgevang bly, vorm laasgenoemde 'n teelaarde vir ouervervreemding (Stahl, 2011:191).

Ouervervreemding vind plaas wanneer een ouer die verhouding tussen die kind en die ander ouer ondermyn of benadeel (Ben-Ami & Baker, 2012:169). Volgens Steinberger (2006:10) is ouervervreemding 'n vorm van sosiale en psigologiese breinspoeling wat bewerkstellig word deur een ouer, wat die kind teen die ander ouer indoktrineer.

Bernet (2010:xvii) definieer ouervervreemding soos volg: "Parental Alienation is a mental condition in which a child, usually one whose parents are engaged in a high conflict divorce, allies himself or herself strongly with one parent (the preferred parent) and rejects a relationship with the other parent (the alienated parent) without legitimate justification.

Dit blyk duidelik uit bostaande definisies dat ouervervreemding as verskynsel drie komponente omvat. Daar is 'n ouer wat die kind van die ander ouer vervreem (in die navorsing na verwys as vervremende ouer), die ouer wat vervreem word van sy kind (in dié navorsing na verwys as die teiken-ouer) en dan die kind wat deur die vervremende ouer van die teiken-ouer vervreem word. Bernet (2010:xvii) verwys na die vervremende ouer as die "oorsaaklike faktor" van ouervervreemding.

Volgens Ben-Ami en Baker (2012:169) is ouervervreemding 'n nuwe konsep en is navorsing en kennis aangaande ouervervreemding nog besonder beperk. Ouervervreemding is 'n verskynsel wat hoofsaaklik in hoë-konflik-egskeidings en in sorg- en kontakdispute voorkom (Evans & Bone, 2011:1, Sauber & Worenklein 2013:60).

Volgens Bekker *et al.* (2004:27) is ouervervreemding in Suid-Afrika 'n komplekse situasie, en word die teiken-ouer gedwing om in 'n lang, uitgerekte hooggeregshof-geding betrokke te raak om toegang tot sy kinders te verkry. Baie tyd word bestee en



hoë kostes word aangegaan en die invloed van ouervervreemding het nagevolge vir die vader sowel as vir die kind. Alhoewel die verskynsel van ouervervreemding, waar ouers hulle kinders as pionne in “sorg- en kontak”-dispute gebruik en op hierdie wyse kontak tussen ouer en kind weerhou en dit jare lank reeds in die praktyk plaasvind, word die konsep ouervervreemding nog nie in die Suid-Afrikaanse howe gebruik of as ’n dringende probleem hanteer nie.

Die volgende opmerking is deur die Suid-Afrikaanse Regskommissie gemaak (2002:8): “It is not unusual to find that the custodial parent is using the child as a weapon in the matrimonial warfare and is sabotaging the access visits of the non-custodial parent”. Verder maak die regskommissie die opmerking (2002:11): “In fact, many a time a child’s sudden wish to break off contact with a parent, could indicate a major problem necessitating therapeutic rather than legal intervention”.

Alhoewel die term ouervervreemding nie gebruik word nie, kan duidelike ooreenkomste daaruit afgelei word. Dit blyk uit die voorafgaande bespreking dat ouervervreemding uit ’n geregtelike oogpunt as ’n maatskaplike probleem in Suid-Afrika beskou word.

Die navorser stem met Bekker et al. (2004:31) saam dat ’n behoefte in die Suid-Afrikaanse hofsisteme en by professionele persone bestaan aan kennis rakende ouervervreemding, en dat regslui óf onbewus óf nie oortuig is nie van die verskynsel ouervervreemding.

Baker, Burkhard en Kesley (soos aangehaal deur Sauber & Worenklein, 2013:64) identifiseer vier kriteria vir die identifisering van ouervervreemding. Hierdie kriteria word in paragraaf 4.2.2. van hierdie navorsing omskryf.

Vir doeleindes van die navorsing word die term ouervervreemding gebruik met verwysing na die proses waardeur ’n vervremende ouer tydens of na hoë-konflik-egskeiding die kontak en verhouding tussen die kind en die teiken-ouer versteur en/of ondermyn, sonder grondige redes.

Die navorser se ervaring in die praktyk getuig daarvan dat ouervervreemding die emosionele band tussen vader en kind onherroeplik kan skend. Ouervervreemding word ook traumaties deur die vervreemde vader ervaar en beleef.

Sauber (2006:19) asook Stahl (2011:194) beskryf die invloed van ouervervreemding tydens egskeiding op die vervreemde vader soos volg:

- *Die vader se besoekregte word hom ontnem en hy herken die rol van die ander ouer in die vervreemdingsproses en voel magteloos om iets daaraan te doen. Gevoelens van magteloosheid, verslaenheid en verwerping manifesteer dus by dié vaders.*
- *Hulle ervaar angs en vrees dat die goeie vader-kind-verhouding vernietig kan word.*
- *Hulle ervaar woede teenoor die ouer wat die vervreemding bewerkstellig, en hoor dikwels die ander ouer se woorde in dié van die kind(er)s. Die vervreemde vader bekommer hom dan oor die emosionele skade wat by die kind veroorsaak is.*
- *Hulle ervaar vrees aangesien viktimisering in die proses van ouervervreemding voorkom. Dié vaders vrees ook dat die howe die kind se gekontamineerde weergawe en die vervremende ouer se leuens sal glo. Hul belewenis hiervan is dat hulle nie langer sy rol as vader suksesvol sal kan vervul nie.*
- *Indien die vader nie hulp ontvang of sy stem deur die regstelsel gehoor word nie, kan hy mettertyd depressief raak en 'n lae selfbeeld ontwikkel.*

Die gevaar wat hierdie situasie inhou, is die volgende:

Hoe langer die vader blootgestel word aan negatiewe gedrag, ongegronde woede en kritiek, hoe groter is die kans dat hy hom fisies en emosioneel van die kind en die situasie sal wil onttrek. Ongelukkig versterk sulke optrede gevoelens van verwerping by die kind en word beide die partye onberekenbare skade berokken.

Die emosionele vader-kind-binding word in die proses van vervreemding benadeel. Emosionele binding is die volgehoue emosionele nabyheid wat kinders en hulle ouers aanmekaar heg.

Hierdie proses begin reeds met geboorte en vorm die basis vir emosionele sekuriteit en veiligheid by die kind en beïnvloed die kind se vertroue om die wêreld te verken, risiko's te neem en by moeilike omstandighede aan te pas. Vadervervreemding in egskeiding beïnvloed hierdie geborge emosionele binding negatief. Laasgenoemde kan verreikende gevolge hê vir die kind en die ouer se psigiese, fisiese sowel as toekomstige verhoudings en funksionering (Feeney & Monin, 2008:943).

Die kwaliteit van vader-kind-binding is van die uiterste belang, veral waar daar reeds 'n gesonde vader-kind-binding bestaan het. Dit is noodsaaklik dat daar na die egskeding steeds 'n gesonde emosionele binding tussen ouer en kind moet wees. Wanneer ouervervreemding plaasgevind het, verloor die kind nie alleen 'n vaderfiguur nie maar daar vind ook langtermyn emosionele skade plaas. Gevoelens van verwerping, eensaamheid en woede mag by hulle voorkom as gevolg van die binding wat verbreek word. Daarteenoor verloor die vader nie net sy eggenote nie, maar ook die voorreg om 'n vader vir sy kind of kinders te wees. Laasgenoemde word uiters traumaties deur vader en kind ervaar.

Volgens Goldberg en Goldberg (2013:111) is die ervaring wat die teiken-ouer beleef byna net so traumaties as die dood van 'n kind. Die verskil is egter daarin geleë dat ouervervreemding 'n voortdurende proses is en dikwels word emosionele afsluiting nie bereik nie. Gardner (2006:5) en Stahl (2011:189) bevestig dat ouervervreemding 'n vorm van emosionele mishandeling is en dat ouervervreemding kan lei tot die verswakking of die totale vernietiging van 'n eens liefdevolle verhouding tussen die vervreemde vader en kind.

Wanneer ouervervreemding suksesvol plaasgevind het, vind ouervervreemding-sindroom plaas. Die fokus van ouervervreemding-sindroom val op die kind se gedrag nadat ouervervreemding suksesvol plaasgevind het. Ouervervreemding-sindroom manifesteer in die afkeur en kritiek van 'n kind teenoor 'n eens goeie, liefdevolle ouer.

Hierdie negatiewe houding teenoor die ouer is ongegrond en is die resultaat van 'n kombinasie van breinspoeling asook die bewuste sowel as onbewuste aspekte van die vervremende ouer se gedrag, wat die kind negatief teen die vervreemde ouer beïnvloed. Faktore by die kind self, byvoorbeeld temperament en reaksie op die egskeding, is ook 'n faktor wat by ouervervreemding-sindroom kan voorkom (Ben-Ami & Baker, 2012:169, Evans & Bone, 2011:1). Hieruit is dit dus duidelik dat wanneer daar in die beste belang van die kind opgetree moet word, ondersoek ook ingestel moet word daarna of daar nie reeds ouervervreemding plaasvind nie en sal dit in sorg- en kontak sake aandag moet geniet.

Gesinsberaders en regslui behoort deeglik opgelei te word in die verskynsel van ouervervreemding sodat hulle beter ingelig kan wees wanneer hulle met gesinne en egskeding werk (Baker & Ben-Ami, 2011:485; Sauber & Worenklein, 2013:50). Dit is

die navorser se ervaring in die praktyk dat dit hoofsaaklik die moeder is wat die vader se kontak en verhouding met die kind versteur. Daarteenoor bevind navorsing dat beide moeders en vaders as vervremende agente kan optree (Moné *et al.*, 2011:661; Weitzman, 2013:188). Daar is ook beperkte navorsing beskikbaar oor die teiken-ouer van ouervervreemding. Daar bestaan veel meer navorsing oor die ervaring en persepsies van geskeide vroue en moeders vergeleke met dié van geskeide mans en vaders (Baker, Farley, & Bailey, 2006; Erera & Baum, 2009; Smyth, 2004).

Hierdie beperking in navorsing asook die navorser se ervaring in die praktyk is die motivering daarvoor dat hierdie navorsing op vaders se ervaring en belewenis van ouervervreemding weens hoë-konflik-egskeiding fokus.

Hierdie ondersoek kan daartoe lei dat:

- *die invloed van ouervervreemding op die geteikende ouer verstaan sal word,*
- *ouervervreemding kan afneem,*
- *ouervervreemding hanteer sal word, veral deur professionele persone soos sielkundiges, maatskaplike werkers en persone in die regsprofessie, en dat*
- *die trauma wat deur die vervreemde vader beleef word, beter verstaan en geminimaliseer sal word.*

Die uitdaging van die ondersoek lê in die afwesigheid van empiriese studies oor die onderwerp en verwysing na die konsep ouervervreemding.

Uit bostaande faktore ontstaan die volgende navorsingsvraag:

- *Wat is vaders se ervaring en belewenis van ouervervreemding weens hoë-konflik-egskeiding in die Suid-Afrikaanse konteks?*

## **2. DOELSTELLING**

Die doelstelling is 'n abstrakte konsep of voorstelling van iets wat beplan word om uitgevoer of bereik te word (Fouché & De Vos, 2011:94).

Die doel van hierdie navorsing is om die vader se ervaring en belewenis van ouervervreemding weens hoë-konflik-egskeiding te ondersoek sodat maatskaplike werkers die vaders kan bemagtig om ouervervreemding te hanteer en te voorkom.

### **3. SENTRALE TEORETIESE STELLING**

Vaders se ervaring en belewenis van ouervervreemding weens hoë-konflik-egskeiding moet ondersoek word, sodat dit kan lei tot beter hulpverlening aan die vervreemde vader deur maatskaplike werkers. Vervreemde vaders kan deur maatskaplike werkers bemaagtig word om ouervervreemding te hanteer en te voorkom.

### **4. NAVORSINGSMETODOLOGIE**

#### **4.1 Literatuurstudie**

Volgens Fouché en Schurink (2011:134) is die doel van die literatuurstudie om 'n beter begrip van die aard van die probleem wat geïdentifiseer is, te verkry, asook om die probleemstelling duidelik te formuleer.

Die literatuurstudie is ook 'n aanduiding van hoe hierdie betrokke navorsingstudie aansluit by reeds bestaande literatuur, asook hoe hierdie studie 'n positiewe bydrae kan lewer tot die ontwikkeling van nuwe kennis rakende die navorsingonderwerp (Thomas & Smith, 2003:18).

Literatuur is bestudeer wat spesifiek in 'n breë konteks van toepassing is op die navorsingsonderwerp.

Die volgende temas wat hieruit mag voortvloei is:

- *Die konsep ouervervreemding.*
- *Invloed van ouervervreemding op die vervreemde vader.*
- *Hoë-konflik-egskeiding.*
- *Die konsep ouervervreemding-sindroom.*

Literatuur en inligting is hoofsaaklik bekom deur die Ferdinand Postma Biblioteek te Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) as hulpbron te benut. Geakkrediteerde webtuistes asook databasisse soos Social Science Abstract, Social Work Abstract, Google Scholar, EBSCHO HOST, Nexus, Repertorium van Suid-Afrikaanse Tydskrifartikels en SABINET is benut. Literatuur met betrekking tot die navorsingsprobleem kom hoofsaaklik vanuit die sielkunde, maatskaplikewerk en regs- professies.

## **4.2 Empiriese studie**

'n Empiriese studie is die prosedure wat gevolg word om die nodige inligting in te samel tydens die navorsingsonderzoek, maar wat gelei word deur observasie en praktiese ondervinding, eerder as teoretiese idees.

### **4.2.1 Navorsingsontwerp en benadering**

Volgens Botma et al., (2010:108) is die navorsingsontwerp die ruggraat van die ondersoek. Dit bied struktuur aan die navorsingsmetodes en die beplanning van die ondersoek om die verwagte uitkoms te bereik.

In hierdie ondersoek is daar van kwalitatiewe navorsingsmetodes gebruik gemaak. Kwalitatiewe navorsing word deur Creswell (2013:44) as volg gedefinieer:

“Qualitative research begins with assumptions and the use of interpretive/theoretical frameworks that inform the study of research problems addressing the meaning individuals or groups ascribe to a social or human problem. To study this problem, qualitative researchers use an emerging qualitative approach to inquiry, the collection of data in a natural setting sensitive to the people and places under study, and data analysis that is both inductive and deductive and establishes patterns and themes.

The final written report or presentation includes the voices of participants, the reflexivity of the researcher, a complex description and interpretation of the problem, and its contribution to the literature or a call for change.”

In kwalitatiewe studies is die doel van navorsing om 'n verskynsel te beskryf en te eksplorieer, veral waar min data oor 'n verskynsel beskikbaar is (Botma, et al., 2010:185). Kwalitatiewe navorsing poog om die betekenis wat individue of groepe aan 'n maatskaplike probleem toeskryf, te verstaan en te eksplorieer (Neuman, 2006:13).

Aangesien kwalitatiewe navorsing primêr geïnteresseerd is in die betekenis wat deelnemers aan hul lewenssituasie gee, is dit noodsaaklik dat die navorser direk betrokke raak in die aktiwiteit van een deelnemer of 'n klein aantal deelnemers om sodoende die deelnemers se sosiale wêreld te betree om ooreenstemmende patrone in hul ervaringe, woorde en aksies te identifiseer (Fouché & Schurink, 2011:320). Die onderhoude sal in die deelnemers se omgewing gevoer word.

Ouervervreemding is 'n nuwe terrein in Suid-Afrika met beperkte literatuur. As gevolg hiervan, is daar vir die doeleindes van hierdie studie van die verkennende navorsingsontwerp gebruik gemaak. Volgens Babbie en Rubin (2005:123) kan 'n verkennende studie gebruik word om:

- *nuwe kennis en insigte van 'n onderwerp in te win;*
- *bestaande kennis te eksploreer;*
- *om as 'n vooronderzoek te dien tot 'n meer gestruktureerde studie van die navorsingsprobleem wat jy ondersoek;*
- *die daarstelling van prioriteite vir verdere navorsing, asook om nuwe hipoteses te ontwikkel oor 'n bestaande navorsingsprobleem.*

Tydens hierdie studie is daar dus van die verkennende- en interpretatiewe navorsingsontwerp gebruik gemaak aangesien daar beperkte bronne oor ouervervreemding bestaan. Volgens Babbie en Rubin (2005:123) het verkennende studies ten doel om die onderwerp te verken en inligting en feite in te samel om te verseker dat die onderwerp deeglik gedek word.

Volgens Thorne (2008:26) is die interpretatiewe navorsingsontwerp gefokus op die ontwikkeling van kennis, om die gaping tussen objektiewe neutraliteit en objektiewe teoretisering te oorbrug en 'n mate van begrip te ontwikkel vir die gedeelde belangrikheid van die toegepaste dissipline binne die konteks van hulle kenmerklike sosiale mandaat. Babbie (2001:28) beskryf dit as 'n benadering wat poog om mense te verstaan.

#### **4.2.2 Deelnemers**

Volgens Louw et al., (1998:35) en Botma et al (2010:199) het kwalitatiewe in-diepte studies dikwels slegs 'n klein aantal deelnemers nodig, wat spesiaal geselekteer word vir hulle vermoë om 'n bepaalde ervaring duidelik en volledig te kan beskryf. In hierdie ondersoek het die navorser gebruik gemaak van een groep deelnemers.

Ses vaders is deur middel van doelgerigte steekproeftrekking geselekteer. Die ses deelnemers is slegs as 'n vertrekpunt gebruik. Onderhoude het plaasgevind met ses deelnemers. Die seleksie het plaasgevind vanuit prokureursfirmas en ander maatskaplike werkers in privaatpraktyk. Een prokureur en een maatskaplike werker in privaatpraktyk het as mediators opgetree. Die navorser het 'n skriftelike

uiteensetting van die insluitings kriteria asook aard en doel van die studie aan die prokureurs en maatskaplike werkers verskaf.

Die mediators het die deelnemers geïdentifiseer en aan hulle die doel van die studie verduidelik en skriftelike toestemming bekom dat die navorser hulle telefonies kan kontak. Die toestemmingsvorm was deur die mediators aan elke voornemende deelnemer gegee, een week voordat die navorser hulle telefonies gekontak het. Dit het die deelnemers genoeg tyd gegee om te besluit of hulle aan die navorsing wou deelneem en vrae te vra indien daar enige onduidelikheid was. Die mediators het die deelnemers genader vir deelname in die studie op grond van die volgende kriteria:

- *Die deelnemers moet in 'n hoë-konflik-egskeiding betrokke wees, waar die egpaar nie positief met mekaar kan kommunikeer nie.*
  - *Die deelnemers moet voldoen aan die volgende vier kriteria van ouervervreemding soos voorgestel deur Baker, Burkhard en Kesley (soos aangehaal deur Sauber & Worenklein, 2013:64).*
- 1) *Daar moes 'n positiewe ouer-kind verhouding gewees het alvorens die huidige kontak dispuut plaasgevind het.*
  - 2) *Daar moet 'n afwesigheid wees van mishandeling van die kind deur die teiken ouer.*
  - 3) *Die vervremende ouer moet een of meer van die volgende ouervervreemding strategieë toepas:*
    - *Deur sleg te praat van die teiken ouer.*
    - *Deur kommunikasie tussen die kind en die teiken ouer te beperk.*
    - *Deur inmenging van die simboliese kommunikasie tussen die kind en die teiken ouer.*
    - *Deur liefde te onttrek van die kind wanneer die kind aandui dat hulle positiewe liefde en toegeneentheid van die teiken ouer ontvang het.*
    - *Deur die teiken ouer se kontak met die kind te verminder of te weerhou.*
    - *Deur die indruk te skep dat die teiken ouer gevaarlik is.*
    - *Deur die kind toe te laat om te kies of die kind die teiken ouer wil besoek al dan nie. Deur die kind te mislei met valse inligting dat die teiken ouer die kind nie meer lief het nie.*



- *Deur die kind te betrek in gesprekke oor die regsangeleentheid asook die persoonlike gevoelens van die vervremende ouer.*
  - *Deur die kind te forseer om die teiken ouer te mislei.*
  - *Deur die kind te vra om op die teiken ouer te spioeneer tydens kontak.*
  - *Deur die kind te versoek om geheime te hou van die teiken ouer.*
  - *Deur na die teiken ouer te verwys by naam in plaas van pa of ma.*
  - *Deur die kind te oorreed om vir die stiefouer pa of ma te sê.*
  - *Deur belangrike inligting soos skool en mediese verslae van die teiken ouer te weerhou.*
  - *Deur die kind se van te verander sonder toestemming of kennisname deur die teiken ouer.*
  - *Deur die kind afhanklik te maak van die vervremende ouer en/of die teiken ouer se outoriteit te ondermyn.*
- 4) *Die vervreemde kind moet meer as vier van die agt gedragsmanifestasies van ouervervreemding toon. Volgens Baker en Fine (2014:95) is die agt gedragsmanifestasies as volg:*
- *Die kind loods 'n veldtog van vernedering en verwerping teen die teiken ouer.*
  - *Die kind voer swak en/of belaglike redes aan vir die verwerping.*
  - *Die kind toon 'n gebrek aan die gemis van die teiken ouer.*
  - *Die kind het 'n sterk oortuiging dat die besluit om die teiken ouer te verneder en te verwerp hul eie besluit is.*
  - *Die kind ondersteun die vervremende ouer.*
  - *Die kind toon 'n gebrek aan skuldgevoel oor die vernedering en verwerping van die teiken ouer.*
  - *Die kind gebruik geleende woordeskat en scenario's wat die vervremende ouer toepas.*
  - *Die kind kraak die vriende en uitgebreide familie van die teiken ouer af.*

### 4.2.3 Data-insameling

Ses deelnemers het tydens 'n in-diepte onderhoud, een oop vraag beantwoord. Die onderhoude was gedoen tot data-saturasie plaasgevind het. Volgens Botma *et al.*, (2010:205), is die voordeel van in-diepte onderhoude dat data wat verkry is, ryk is aan diepte en hoeveelheid. Onderhoudsvoering is die oorheersende data-insamelingsmetode in kwalitatiewe navorsing en die navorser moet poog om die deelnemers se persoonlike ervarings asook opinies in te samel (Greeff, 2011:347).

Die onderhoude is op band opgeneem, (met die skriftelike toestemming van die deelnemer). (Sien toestemmingsvorm aangeheg – Bylaag 2). Die navorser het die nie- verbale kommunikasie van die deelnemers waargeneem en opgeteken as veld-notas. Veld-notas is deur die navorser gemaak oor dié waarneming. Veld-notas is skriftelike aantekeninge oor waarnemings van die navorser oor wat hy hoor, sien, voel, ondervind en dink tydens die onderhoud (Bothma, *et al.*, 2010:217). Nadat die bande getranskribeer was, is dit digitaal gestoor op die studieleier se rekenaar met 'n wagwoord. Die getranskribeerde notas is in 'n staal kabinet wat gesluit word in die sekretaresse van die Vakgroep Maatskaplike Werk se kantoor gestoor vir 'n tydperk van vyf jaar. Daarna sal dit vernietig word.

Die vraag wat gedurende die in-diepte onderhoud gevra was, was die volgende:

- Wat is u ervaring en belewenis van ouervervreemding?

Aansporingstegnieke soos reflektoring van woorde en gevoelens is benut om vrye, narratiewe by die deelnemer te ontlok en temas te eksploreer. Hierdie onderhoude het voortgegaan tot data-versadiging plaasgevind het. Volgens Botma *et al.*, (2010:200) word data-versadiging bereik wanneer die navorser bekend is met die inligting en geen nuwe inligting aan die lig kom nie. Die deelnemers was glad nie bekend aan die navorser nie en die onderhoude was in 'n kantoor van die navorser gevoer, wat privaat is.

### 4.2.4 Data-analise

Data-analise is die proses om struktuur en mening te gee aan die massa ingesamelde data asook om die ingesamelde data te orden, Schurink *et al.*, (2011:397). Die kwalitatiewe data verkry uit die in-diepte onderhoude is getranskribeer en met die hand verwerk in temas. Die data-verwerking het geskied aan die hand van Tesch se agt stappe soos omskryf in Botma *et al.*, (2010:224).

- Stap 1: Lees deur die transkripsie en maak aantekeninge oor moontlike temas.
- Stap 2: Selekteer een onderhoud, lees daardeur en kyk waarom dit gaan. Maak kantlyn aantekeninge.
- Stap 3: Stel 'n lys op van alle temas. Groepeer temas wat ooreenstem saam.
- Stap 4: Allokeer dan aan elke tema 'n kode. Werk deur al die skripsies en kodeer al die ooreenstemmende inligting.
- Stap 5: Soek na die mees beskrywende woord in die tema en verander dit in 'n kategorie.
- Stap 6: Merk al die kategorieë en plaas al die kodes bymekaar.
- Stap 7: Groepeer al die data wat in een kategorie hoort, saam.
- Stap 8: Indien nodig moet die navorser die oorblywende data herkodeer.

Die navorser het van verskillende kleure gebruik gemaak om die verskillende temas te kategoriseer. Hierdie data-analise het induktief plaasgevind, vanaf algemene temas en subtemas tot data waaruit die ondersoeker dit geïnterpreteer en betekenis aan die data gee het. Die temas is met literatuur gekontroleer en gestaaf.

#### **4.3 Prosedure en werkswyse**

- Deelnemers wat aan die kriteria voldoen was geïdentifiseer.
- Deelnemers se kontakbesonderhede was vanaf die prokureurs en maatskaplike werkers ontvang.
- Die deelnemers was telefonies gekontak en 'n afspraak was met die deelnemers by hul woning geskeduleer.
- Deelnemers het 'n ingeligte dokument skriftelik onderteken om toestemming tot die proses en bandopname te verleen.
- Onderhoude was op 'n een tot een basis gevoer.
- Data verkry was aan die hand van die Tesch-benadering verwerk.
- Die bevindinge van die navorsing sal in artikelformaat gepubliseer word.

#### 4.4 Vertrouenswaardigheid

Vertrouenswaardigheid word deur Botma *et al.*, (2010:232) gereken as 'n alternatiewe bousteen om geldigheid en betroubaarheid te bewys. Daar is vier eienskappe waaraan aandag verleen moet word:

- Geloofwaardigheid verwys na hoe die data gekontroleer word, die verlengde betrokkenheid by die deelnemers en triangulering van data.
- Oordraagbaarheid verwys na die graad waarmee die bevindings van die studie toegepas kan word op ander groepe. Volgens Botma *et al.*, (2010:232) word oordraagbaarheid bevorder deur bewys van data, ryk beskrywing van data, narratiewe asook die navorser se eie interpretasie van data.
- Betroubaarheid/vertroubaarheid behels die bereiking van soortgelyke resultate of bevindings na die herhaling van die ondersoek binne dieselfde konteks, die benutting van dieselfde navorsingsmetodes en die seleksie van dieselfde deelnemers.

Ten einde betroubaarheid te verseker, het die navorser die volgende stappe geneem:

- Die navorser het 'n spesifieke en deeglike beskrywing van die navorsings metodologie wat gevolg gaan word, weergegee.
- Die navorser het 'n gedetailleerde weergawe gegee van die data-insamelingsprosedure.
- Die navorser het in samewerking met haar studieleier verseker dat die data korrek getranskribeer en verwerk is.
- Triangulasie is deur die navorser verkry deur gebruik te maak van twee verskillende navorsingsmetodes, naamlik 'n deurtastende onderhoud asook observasie wat deur middel van veldnotas gedokumenteer is.

Bevestigbaarheid verwys na die mate waarin die navorsingsprosesse en resultate objektief en sonder bevooroordeeldheid van die navorser geskied (Botma *et al.*, 2010:232). Die navorser het die bandopnames, getranskribeerde notas, asook veldnotas beskikbaar gestel vir kontrole deur Prof Cornelia Wessels.

#### 4.5 Etiese aspekte

Strydom (2011:114) is van mening dat daar unieke, etiese kwessies in navorsing na vore kom wanneer van menslike deelnemers gebruik gemaak word. Om data in te samel sonder die benadeling van mense en deelnemers tydens die data-insamelingsproses, is daar gepoog om die volgende etiese kwessies, soos uiteengesit in Strydom (2011:113-130), na te kom:

- Vrywillige deelname

Volgens Royse (2004:56) moet deelname ten alle tye gewillig wees. In hierdie navorsing is die deelnemers deur die prokureurs en/of maatskaplike werkers wat as mediators opgetree het, geselekteer aan die hand van die insluitingskriteria. Daarna is hulle individueel deur die mediator gekontak. Die doel van die navorsing is aan elkeen verduidelik aan die hand van die ingeligte toestemmingsvorm (**Bylaag 2**) wat elke voornemende deelnemer ontvang het. Die ingeligtetoestemmingsvorm is by die voornemende deelnemer gelaat vir sewe dae sodat hy hom kon vergewis van die doel en moontlike risiko's en voordele wat dit inhou. Hy is ook in dié tydperk die geleentheid gegun om, indien hy vrae sou gehad het, dit met die studieleier, Prof Cornelia Wessels of met die Health Research Ethics Committee van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe van die Noordwes-Universiteit Potchefstroomkampus te kon bespreek. Die deelnemers het dan daarna 'n keuse gehad om hulle kontakbesonderhede aan die mediator bekend te maak vir deelname.

Die deelnemers het ook die keuse gehad om hulle te enige tyd aan die studie te onttrek totdat die data verwerk is. Geen bevoordeling, benadeling of dwang het voorgekom nie. Die deelnemers was ingelig dat hulle, nadat die data verwerk is, hulle nie meer kon onttrek nie.

- Onkoste en vergoeding

Nóg die deelnemers nóg die mediator het betaling ontvang vir hulle deelname aan die ondersoek. Die onderhoud het plaasgevind in 'n kantoor by die mediator se kantoor. Die deelnemers het voor die tyd ingestem om op hulle eie onkoste by die kantoor te kom waar die onderhoud sou plaasvind.

- Toestemming -Geskrewe ingeligte toestemming van deelnemers

Deelnemers het die reg op akkurate en volledige inligting oor die navorsingsproses en doel van die studie. Die deelnemers het 'n geskrewe ingeligtetoestemmingsvorm geteken waarop die navorsingsdoel kortliks opgesom is, en tydens die telefoniese gesprek tussen die mediator en die voornemende deelnemer is die inligting ook **korrek** weergegee (Strydom, 2011:115). Die deelnemers het ook skriftelik toestemming gegee tot die opname van die onderhoud op band. **(Bylaag 2)**

- Toestemming van Etiekkomitee

Die voorlegging is aan die Health Research Ethics Committee van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe van die Noordwes-Universiteit Potchefstroomkampus voorgelê vir goedkeuring. Goedkeuring is ontvang, NWU-0027-09-A1.

- Bevoegdheid van navorser

Volgens Strydom (2011:123) moet die navorser bevoeg wees om die ondersoek te rig, aangesien navorsing kan misluk indien die navorser nie voldoende gekwalifiseer en toegerus is nie. Voldoende supervisie tydens die ondersoek is noodsaaklik. Die navorser het ook tydens haar studie 'n module in navorsingsmetodologie gevolg waarin sy onder andere opleiding ontvang het oor hoe om 'n gestruktureerde navorsingsonderhoud te voer.

Ten einde te verseker dat die navorsing op 'n bekwame wyse uitgevoer word, het die navorsing onder leiding van Prof Cornelia Wessels, van die Noordwes-Universiteit Potchefstroomkampus geskied.

- Vertroulikheid en anonimiteit

Vertroulikheid behels dat slegs die navorser bewus moet wees van 'n deelnemer se identiteit en dat ook die navorser haar tot vertroulikheid moet verbind (Babbie, 2001:472). In hierdie navorsing sal die deelnemers se identiteit vertroulik gehou word deur na vader A, B, C, D, E en F te verwys.

Die inligting is vertroulik hanteer en slegs benut vir doeleindes van die navorsing.

- Storing en berging van data

Bandopnames is digitaal gestoor op die Studieleier se rekenaar met 'n wagwoord vir beskerming. Die getranskribeerde data sal 5 jaar lank in 'n liasseerkabinet in die Sekretaresse se kantoor van die Vakgroep Maatskaplike Werk gestoor word.

- **Ontlonting**

Indien ontlonting by die deelnemers nodig is, sal die navorser die nodige reëlins met 'n onafhanklike kliniese sielkundige tref sodat ontlonting gedoen kan word. Dit sal nie die navorser wees nie. Hierdie sessies sal gratis wees solank dit betrekking het op die navorsing.

- **Bekendstelling en publisering van die bevindinge**

Navorsing het geen waarde as die navorser se bevindinge nie op 'n geskrewe wyse aan die publiek, deelnemers, professionele persone en die algemene publiek bekendgestel word nie. Hierdie bevindings moet akkuraat, volledig en verstaanbaar weergegee word (Strydom, 2011:126).

Die navorsingsbevindinge van hierdie ondersoek sal weergegee word in 'n volledige navorsingsverslag in die vorm van 'n artikel wat gepubliseer gaan word in 'n geakkrediteerde vakkundige tydskrif. Die deelnemers sal na afloop van die ondersoek individuele terugvoer van die navorser ontvang. Tydens die geleentheid sal elkeen die bevindinge met die navorser kan bespreek.

- **Voordele van deelname vir respondente**

Die respondente is die geleentheid gegun om hulle stem te laat hoor. Aangesien min data tans beskikbaar is oor die onderwerp, gaan die navorsing ook aan ander vaders in soortgelyke situasies moontlike antwoorde gee.

## **5. DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE**

### **5.1 Ouervervreemding**

Bernet (2010:xvii) definieer ouervervreemding soos volg: "Parental Alienation is a mental condition in which a child, usually one whose parents are engaged in a high conflict divorce, allies himself or herself strongly with one parent (the alienated parent) without legitimate justification".

Bernet (2010:xvii) verwys na die vervremende ouer as die oorsaaklike faktor van ouervervreemding. Vir doeleindes van die navorsing word die term ouervervreemding gebruik met verwysing na die proses waardeur 'n vervremende ouer tydens of na hoë-konflik-egskeiding die kontak en verhouding tussen die kind en die teiken-ouer sonder grondige redes versteur en/of ondermyn .

In hierdie navorsing is daar na die “preferred parent” as die vervremende ouer verwys en na die “alienated parent” as die teiken-ouer.

## **5.2 Vervremende ouer**

In ooreenstemming met Bernet (2010:xvii) se definisie van ouervervreemding verwys hierdie navorsing na die vervremende ouer as oorsaaklike faktor van ouervervreemding en die ouer wat die kontak en verhouding tussen die kind en die teiken-ouer sonder grondige redes verskeur en/of ondermyn .

## **5.3 Teiken-ouer**

In ooreenstemming met Bernet (2010:xvii) se definisie van ouervervreemding verwys hierdie navorsing na die teiken-ouer as die ouer wie se kontak en verhouding met sy kind versteur en/of ondermyn word deur die vervremende ouer.

## **5.4 Vaders**

In hierdie navorsing word vaders gedefinieer en teiken-ouer per definisie as dieselfde gedefinieer.

## **5.5 Hoë-konflik-egskeiding**

Rand (1997:5) definieer hoë-konflik-egskeiding soos volg: “High conflict divorce is characterised by intense and/or protracted post separation conflict and hostility between the parents which may be expressed overtly through on-going litigation, verbal and physical aggression, and tactics of sabotage and deception.

Dit is in hierdie konteks dat die navorser hoë-konflik-egskeiding definieer.

## **5.6 Ervaring en belewenis**

Van Niekerk (1986:54) verwys na ervaring as die betekenisintegreringsakt en belewenis as die betekenisgewingsakt. Ervaring is die kognitiewe komponent verbonde aan ’n gebeurtenis en belewenis die emosionele komponent.

Die gebeure wat die teiken-ouer gedurende ouervervreemding ervaar, byvoorbeeld gefrustreerde kontak, is die vader se ervaring. Die gevoelens, soos intense seer, wat die teiken-ouer aan die ervaring koppel, is sy belewenis.

## **6. MOONTLIKE TEKORTKOMINGE IN DIE ONDERSOEK**

Die tekortkominge wat moontlik ’n uitwerking op die studie kon gehad het, sluit in:

- Slegs ’n beperkte hoeveelheid literatuur is beskikbaar oor die spesifieke navorsingsonderwerp, veral literatuur in die Suid-Afrikaanse konteks.



- Die navorsing was van 'n beperkte omvang. Die deelnemers verteenwoordig 'n klein proporsie van die algemene populasie en daarom kan die resultate en bevindinge nie na die algemene populasie veralgemeen word nie.
- Die probleem is kompleks en saamgestel uit verskeie fasette wat nie alles in die beperkte omvang van die navorsing bespreek kan word nie. Met 'n enkel oopeinde-vraag tydens die deurtastende onderhoud, is die deelnemers die geleentheid gegun om 'n breë spektrum van die probleem te verken. Alhoewel baie diep en ryk data verkry is, is die navorser van mening dat 'n opvolgonderhoud tot meer temas kon lei.
- Die intense emosionele narratiewe verkry uit die deurtastende onderhoud het dit soms moeilik gemaak vir die navorser om nie terapeuties toe te tree tot die deelnemers nie.

## 7. **BESPREKING VAN RESULTATE**

In hierdie afdeling word die deelnemers se ervaring en belewenis van ouervervreemding weens hoë-konflik-egskeiding bespreek en met die literatuur vergelyk. Ses deelnemers het tydens 'n deurtastende onderhoud een oopeinde-vraag beantwoord. Baie ryk en diep data is verkry uit die deelnemers se narratiewe asook die navorser se waarneming. Uit die deelnemers se narratiewe is 'n verskeidenheid belewenisse geïdentifiseer.

Die kwalitatiewe data is aan die hand van Tesch se agt stappe geanaliseer en verwerk.

Die volgende temas het uit die ondersoek na vore gekom en word dien ooreenkomstig bespreek.

### ➤ *Tabel 1: Temas*

Tema 1	Belewenis van intense seer
Tema 2	Ongekende woede
Tema 3	Verlies aan eiewaarde
Tema 4	Wantroue teenoor vrouens

Tema 5	Ouerlike verantwoordelikhede en regte
Tema 6	Konstante bekommernis oor hul kinders se fisiese en sosiale welstand
Tema 7	Wantroue in die hofsisteem
Tema 8	Toesig en kontak

### 7.1 Tema1: Belewenis van intense seer

Die mees algemene en emosionele belewenis van al ses deelnemers was 'n gevoel van intense seer weens die verlies aan kontak, asook 'n intense verlange na hul kinders.

Die deelnemers het die volgende in dié verband gesê:

*“Dis erger as die dood. As iemand doodgaan, raak dit beter met tyd. Parental alienation, it never gets better, in fact, it gets worse and worse!”*

*“Daar is dae dat jy net dood is binne!”*

*“You don’t even want to live anymore. I’ve got no feelings anymore. I don’t care about anything, absolutely nothing!”*

*“Daar word gesê jy is 'n slegte pa, 'n gemors. Jy het die kinders weggegooi soos honde. Dit maak seer, verskriklik seer.”*

Uit bostaande aanhalings kom dit baie duidelik na vore dat die deelnemers intense seer beleef. Die seer wat hulle beleef is meer as 'n emosie van hartseer. Hulle ervaar ook fisieke pyn. Baker en Fine (2014:131) sowel as Goldberg en Goldberg (2013:113) bevestig ook hierdie seer wat die ouer kan ervaar as gevolg van die verlies van hulle kind of kinders in die egskeidingsproses.

Die verlies van 'n kind, hetsy deur die dood of uitsluiting van die kind se lewe, strek verder as die terrein van enige ouer se vermoë om te hanteer (Darnall, 2010:175).

Lebow en Rekart (2006:79) beveel dan ook aan dat ouers wat hierdie intense vorm van hartseer en seer ervaar terapie moet ontvang anders kan hierdie hartseer of seer oorgaan in geweld. Volgens Baker en Fine (2014:132) is die belewenis van dié ouer dat daar net een insident emosioneel erger is as ouervervreemding en dit is die

dood van jou kind. Dié ouers ervaar met ander woorde geen emosionele sluiting nie. Elke dag bring vir hulle nuwe pyn, nog vals aanklagtes, hofprosedures en nog 'n mylpaal van jou kind wat jy ontsê word om met hom/haar te deel.

Reay (2011:202) som die vaders se ervaring toepaslik op: "The losses, combined with the effect of undergoing the dynamics of parental alienation syndrome, mark the beginning of one of the most painful times in an alienated parent's life".

Hieruit is dit dus duidelik dat die ouer emosioneel só diep deur ouervervreemding geraak word dat hulle dikwels weinig ander woorde of vergelykings as "erger as die dood" gebruik om hul intense seer te kan verbaliseer.

## **7.2 Tema 2: Ongekende woede**

Al die deelnemers bevestig dat hulle ongekende woede beleef. Volgens die deelnemers beleef hulle hierdie woede hoofsaaklik teenoor die vervremende ouer. Die deelnemers verbaliseer hulle woede soos volg:

*"Op 'n stadium het ek gehoop 'n bus wil haar doodry, ek wens iets wil gebeur dat sy doodgaan dat die kinders na my toe kom."*

*"Hierdie ding word te ver gevat met pa's, dis hoekom pa's die wet in hul eie hande neem. Ek het 110% begrip vir die mans wat dit wel doen, die reg in hul eie hande neem, soos hierdie mans wat hul vrouens aanrand, skiet."*

*"Ek is kwaad vir die hof omdat hulle my nie wil glo nie. Wil my gewese vrou se kop inmekaar gaan slaan."*

*"Ek is kwaad vir God. Hoe kan God dit toelaat?"*

*"I even wanted to go and beat up the attorney and everybody else in line."*

In gevalle van ouervervreemding is woede onafwendbaar (Reay, 2011:136). Van Mansfield (2012:25) bevestig dat woede-ervaring tydens ouervervreemding hoofsaaklik daarin gesetel is dat die ouer voel dit is verkeerd van enige persoon om jou kinders van jou te weerhou. Jy is kwaad oor die valse aantygings en leuens wat die ma of enige iemand anders versprei. Volgens Baker en Fine (2014:141), asook Goldberg en Goldberg (2013:114) ervaar die geteisterde ouer woede teenoor die vervremende ouer as gevolg van die feit dat dié ouer die kind se fisiese en emosionele lewe beheer, onnodige emosionele pyn vir die kinders veroorsaak en ook vir die verlies aan tyd tussen die geteikende ouer en kind verantwoordelik is.

Goldberg en Goldberg (2013:114) is van mening dat die teiken-ouer ook woede ervaar teenoor die regsisteem, professionele persone en ander mense, aangesien die teiken-ouer voel die persone skaar hulle by die vervremende ouer, en/of word deur die vervremende ouer gemanipuleer. Pedro-Carroll (2010:39) is van mening dat “anger may also be the other force of sadness, fear or other painful emotions, and often erupts when the individual is afraid of losing someone or something they may value deeply”.

Kommerwekkend is die intensiteit van die belewenis van die deelnemers se woorde wat ’n behoefte aan die dood van die ouer wat vervreem uitgespreek het. ’n Bron tot kommer is die intensiteit van die belewenis van die deelnemers se woorde wat gepresenteer het in hulle behoefte daaraan om te sterf. Hierdie doodswens teenoor die vervremende ouer, wat die vaders het, want hulle voel hulle word van hul kinders vervreem, is ’n realiteit in die praktyk. ’n Tragiese voorbeeld in Suid-Afrika is die dood van ’n moeder, ’n stiefouer, ’n vader asook ’n maatskaplike werker. Die oorledene het in sy selfmoordnota uitdrukking gegee aan sy opgekropte woede-ervaring deur te sê hy het gevoel dat sy vrou hom toegang tot sy dogter geweier het en dat die hele sisteem wat oor sy toegang moes besluit, hom gefaal het (Anon:2013).

Hieruit is dit dus duidelik dat die belewenis van ’n ouer wat voel hy word geteiken, nie onderskat kan word nie. Die woede strek ook verder as teenoor die ander ouer en word ook geprojekteer op die ander sisteme, naamlik die hof, regsgeleerdes, maatskaplike werkers en sielkundiges.

### **7.3 Tema 3: Verlies aan eiewaarde**

Al die deelnemers het verlies aan eiewaarde ervaar. Die deelnemers het begin twyfel aan hul vermoë om ’n goeie pa te wees en ’n algehele ervaring van self-twyfel en minderwaardigheid is deur die deelnemers beleef.

*“Is daar fout met my? Is ek ’n slegte pa?”*

*“Dis asof ’n mens voel jy is minderwaardig. ’n Mens voel jy kan niks doen nie, is niks werd nie, jy voel jy beteken niks vir niemand nie, jy word so afgekraak.”*

*“I feel like a loser, a total loser.”*

*“Ek was ’n betrokke pa. Ek kan nie op sy verjaarsdag met hom praat nie, sien hom nie Kersfees nie, nie op my verjaarsdag nie, niks nie.”*

*“Ek het vir ses maande ’n kluisenaar geword, in my huis gebly, ek het nie uitgegaan nie en ek het nie vriende gemaak nie. Jy probeer jouself so beskerm.”*

*“Jy is so skaam, jy vermy mense. Wat sê ek vir hulle? Watter rede kan ek vir hulle gee dat ek nie my kinders mag sien nie? Ek kan nie verhoudings van enige aard aangaan nie, ek is selibaat vir al drie jaar, ek kan nie.”*

Volgens Van Mansfield (2012:44) is die oorsake van die verlaging in eiewaarde by die teiken-ouer ’n kombinasie van die internalisering van valse aantygings, gepaardgaande met die teiken-ouer se self-twyfel, asook die konstante afkraking deur die vervremende ouer. Dit gee aanleiding daartoe dat dit vir die teiken-ouer moeilik raak om te onderskei tussen sy ware self en die geskepte self. Baker en Fine (2014:152) asook Goldberg en Goldberg (2013:113) bevestig dat die proses van ouervervreemding daartoe lei dat die teiken-ouer die negatiewe boodskappe van hul kinders en die vervremende ouer internaliseer en later glo dat hulle minderwaardig en ’n swak ouer is. Volgens Vangelisti (2006:575), “separating couples experience emotional feelings including shame, failure, humiliation and isolation” omdat hulle die verwydering met die ander ouer negatief beleef omdat die teiken-ouer dit ervaar dat die hele vervreemdingsproses negatief op die kinders mag inwerk.

Bestaande navorsingsliteratuur (Chung et al., 2002; Lee et al., 2011; Lucas, 2005; Waller, 2007; Wyder, Ward & De Leo, 2009; Zisook & Shear, 2009) kom tot die gevolgtrekking dat die gevolge van ’n hoë-konflik-egskeiding verskeie emosionele gevolge ontsluit soos swak selfbeeld, onverwerkte verliese asook skeidingsang wat lei tot sosiale isolasie. Die skrywers is ook van mening dat die gevoelens van verlies en onbevoegdheid as ouer dikwels lei tot emosionele onttrekking of emosionele afsluiting by die teiken-ouer.

#### **7.4 Tema 4: Wantroue teenoor vrouens**

Vyf van die deelnemers het bevestig dat hulle ’n ervaring van wantroue teenoor die vroulike geslag ervaar. Volgens die deelnemers is die wantroue nie net teenoor sy vrou wat hom van sy kinders vervreem nie, maar ook vroue in die hulp-professies en vroue in die algemeen.

*“Na wat gebeur het, kyk ek na vrouens en ek het geen vertrouwe nie, niks nie!”*

*“I have a distinct dislike towards women, and how they manipulate and actually estranged me from my child.”*

*“..... my verhoudings met vrouens, ek het glad nie vertrou nie, glad nie. Almal deur die hele sisteem waarmee ek te doen gehad het (wat ’n vrou was), het zero vir my beteken.”*

*“Dan sluit jy almal uit om daai seer uit te hou. Jy verloor jou vertrou in mense.”*

Teleurgesteldheid in vroue spruit voort uit die feit dat hulle eggenote wat hulle vroeër liefgehad en vertrou het, juis nou die persoon is wat hulle van dinge beskuldig soos seksuele misbruik van ’n kind, gesinsgeweld en fisiese en emosionele mishandeling (Darnall 2010:175). Volgens Mitcham-Smith en Henry (2007:368-373) vervang hoë-konflik-egskeidings eens toegewyde huwelike met langdurige verhoudingskonflik wat deur woede en verwerping gekenmerk word. Omdat dit ’n langtermynstryd is, vind daar voortdurende emosionele skade plaas by beide partye asook by die kinders. Emosionele afsluiting kan dus nie plaasvind nie en geen wen-wen-oplossing word gevind nie.

Die magteloosheid wat hulle as vader ervaar oor die beskuldigings bring mee dat hulle geen vrou meer wil vertrou nie. Goldberg en Goldberg (2013:118) verwys na hierdie veralgemening van gevoelens as oordrag. Geteikende ouers wat negatiewe belewenisse van ander sisteme, soos die regsisteem, of hulle eggenote gehad het, kan hierdie negatiewe gevoelens bewus of onbewus oordra op ander individue in hulle omgewing.

Levy (2009:181) definieer oordrag as “ .... a tendency in which representational aspects of importance and formative relationships (such as parents and siblings) can be both consciously experienced and/or unconsciously ascribed to other relationships”.

Dit is dus duidelik dat die teiken-ouer sy belewenis en ervaring van teleurstelling en wantroue teenoor sy eggenote en/of hulpsisteme op vroue in die algemeen kan oordra.

## **7.5 Tema 5: Ouerlike verantwoordelikheid en regte**

Uit die onderhoude met verskeie deelnemers, het al die deelnemers gestaaf dat hulle nie meer ouerlike verantwoordelikhede en regte het nie. Die deelnemers het ervaar dat hulle reg om betrokke by hulle kinders te wees, hulle ontnem word en dat hulle vele mylpale en herinneringe van pa-kind-samesyn misloop. Dit was ook

die deelnemers se belewenis dat hul kinders daaronder ly dat hul pa weens ouervervreemding nie meer deel van die kind se lewe is nie.

*“Wie gee ’n ma die reg om ’n pa se verantwoordelikhede weg te vat, wie gee die ma die reg om ’n kind se liefde weg te vat van sy pa! Wie gee vir die ma die reg om jou kind se lewe op te neuk as gevolg van wat sy voel binne haar, wat sy dink wat goed is en wat sy dink is reg.”*

*“Jou vaderskap word vervang deur iemand anders sonder dat jy ’n keuse daarin het. Dit vat jou verantwoordelikhede en seggenskap teenoor jou kinders weg.”*

*“Ek kan en mag nie skoolfunksies bywoon nie, of kyk hoe hulle atletiek hardloop nie, want daar is ’n interdik teen my as gevolg van leuens!”*

Uit die deelnemers se narratiewe was dit duidelik dat die verlies aan ouerlike verantwoordelikhede en regte ’n belangrike bron tot kommer by die teiken-ouer is. Volgens Baker en Fine (2014:137) is dit die belewenis van die teiken-ouer dat sy afwesigheid as ouer in sy kind se lewe, die kind negatief kan beïnvloed. Die teiken-ouer beseft dat hy nie sy kind kan opvoed soos hy wou nie, aangesien die teiken-ouer se gesag as ouer hom ontnem is. In die praktyk is dit algemeen dat die teiken-ouer hierdie verlies aan betrokkenheid by hul kinders uiters traumaties beleef.

Tydens die onderhoude was die deelnemers soms emosioneel en het sommige selfs gehuil, veral wanneer hulle gepraat het oor die misloop van hul kinders se hoogtepunte soos eerste tand wat uitkom, rugbywedstryde en ballet-optredes. Die ervaring van verlies aan ouerlike verantwoordelikhede en regte word deur die vader as ’n konstante verlies ervaar. Verlies en onbevoegdheid rakende hul vader-rol en status word traumaties ervaar en dit lei tot hul onttrekking (Dudley, 1991; Jordan, 1996; Mercadante, *et. al*, 2014).

## **7.6 Tema 6: Konstante bekommernis oor hul kinders se fisiese en sosiale welstand**

Al ses deelnemers het die ervaring van konstante bekommernis oor hul kinders geverbaliseer. Volgens die deelnemers is hulle konstant bekommerd oor die invloed van ouervervreemding op hul kinders, hul kinders se gesondheid en algemene veiligheid en welsyn. Die deelnemers het ook kommer uitgespreek oor wat hul kinders van hulle as vaders dink.

*“Wat dink my kinders, waar is hulle pa, hoekom bel my pa nie? Hulle voel Pappa het wegge-loop.”*

*“Wat sien daai kind? Wat word van daai kind se denkbeelde? Wat leer hy uit hierdie hele storie uit ... dat ’n man ’n slegte ding is? Hoe gaan hy eendag sy vrou hanteer as hy deur sulke goed gaan?”*

*“Jy wonder wat doen jou kinders, wat dink jou kinders van jou, mis hulle jou, vra hulle na jou. Hoeveel keer het sy hulle “ignore” en gesê jy gaan nie met jou pa praat nie, want hy het julle weggegooi. Sielkundig word hulle geïndoktrineer teenoor die ander ouer.”*

*“She is with my wife who is an abusive person. It pulls you to pieces, because you know exactly what is happening. I don’t know what sort of mental damage she has done to the child.”*

*“The child has actually been estranged from me, the less I see the child, they have actually broken the bond between my child and myself. I don’t know if she will know me anymore.”*

*“You wonder whether she is still doing that, you know, putting her seatbelt on. Is my child getting the nutrients?”*

Baker en Fine (2014:133) vergelyk hierdie konstante bekommernis van die teiken-ouer as ’n uitgerekte marteling. Marteling in die wete dat jou kind daar buite iewers is, ouer word, slimmer word, ontwikkel en groei, mylpale bereik en jy is nie daar nie. Dis soos ’n wond wat konstant oop bly. Hierdie emosionele marteling word vererger wanneer die teiken-ouer wat weet dat sy kinders fisies en/of emosioneel deur die vervremende ouer, benadeel word en hy kan niks daaraan doen nie. Die teiken-ouer ervaar konstante bekommernis oor die negatiewe impak wat ouervervreemding op die karaktervorming en emosionele gesondheid van hul kinders het.

Die navorser is van mening dat hierdie konstante marteling direk verband hou met die deelnemers se belewenis van intense hartseer en hul opmerking dat ouervervreemding erger is as die dood. Dit is ’n traumatiese ervaring waardeur die teiken-ouer daagliks gekonfronteer word. Laasgenoemde kan volgens Mercandante *et al.* (2014:336) aanleiding gee tot konstante emosionele stryd en voortdurende rou.



## 7.7 Tema 7: Wantroue in die hofsisteem

Die ervaring van algehele wantroue in die hofsisteem, regs persone, sielkundiges en maatskaplike werkers is deur al ses deelnemers geverbaliseer. Die deelnemers se negatiewe ervaringe was spesifiek met betrekking tot professionaliteit, finansiële kwessies, onkunde en 'n houding van bevooroordeeldheid.

*“Ek voel die hof staan ons pa’s nie by nie. As jy nie ’n prokureur of ’n advokaat kan bekostig nie, gaan jy nie jou kinders kry nie!”*

*“Kan reg en geregtigheid geskied as jy nie geld het nie? Ek dink nie so nie.”*

*“Die hof het nie die “parental alienation” weggevat nie.”*

*“Ek het geen vertroue in prokureurs nie. Daar is geen gevoel nie, dis ’n besigheid. As daar nie geld is nie, word die rug op jou gedraai.”*

*“In die beste belang van die kinders is in al die korrespondensie! Hoe is dit in die beste belang dat kinders nie hulle pa kan sien nie?! ’n Pa wat probeer deel wees van sy kinders se lewens, en dan word dit van hom weggehou!”*

*“Die hof is eensydig, die ma het meer regte. Sielkundig word die kinders geïndoktrineer teenoor die ander ouer. Hoe sien die hof dit reg dat so iets gedoen word teenoor ’n ander ouer.”*

*“The legal system is not about children anymore, it’s about money.”*

*“What the system has actually done, they have cut my arms off. It makes me feel useless”.*

*“They actually failed my own child. I gave them photographs of the beating, blue eyes, the marks across the back. They still would not listen to me. Obviously they have a problem with male gender. They don’t want to see anything wrong with the mother.”*

In die praktyk het beide ouers afsonderlike prokureurs. Elke prokureur tree in die beste belang van sy kliënt op en is nie altyd ingelig oor ouervervreemding-strategieë nie, is van mening dat prokureurs se fokus primêr is om op te tree vir hul kliënt en om sy kliënt se saak te versterk. Uit vorige navorsing (Evans & Bone, 2011; Lowenstein, 2012; Viljoen & Van Rensburg, 2014) blyk dit dat die Regsisteem ouervervreemding in stand hou deur hulle voortdurende litigasie in die belang van hulle kliënt, naamlik die vervremende ouer. Steinberger (2006:11) is van mening dat

die lang tydsverloop van die hofproses weens litigasie, mediasie, onderhandeling en sielkundige evaluerings die proses van ouervervreemding in stand hou. Dit hou ook die vervreemde vader langer van sy kind af weg en laat 'n persepsie by die vervreemde vader ontstaan dat hulpsisteme die ouer wat vervreem ondersteun en haar gedrag goedkeur.

Die langdurige litigasieproses voorsien die vervreemde ouer van genoegsame tyd om die kind teen die teiken-vader te indoktrineer. Prokureurs se einddoel is om hulle saak te wen en tree nie altyd op in belang van die kind en die vervreemde ouer nie.

Van Mansfield (2012:5) laat hom nog sterker hieroor uit deur die volgende stelling te maak: "Parental Alienation is child abuse. Some even argued it is legalized child abuse because the courts refuse to come near it and mental health professionals only meet it with a moderate acceptance". Volgens Baker en Fine (2014:86) is die regsistiem en gesondheidsorg-professies nie voldoende opgelei en voorberei om ouervervreemding doeltreffend en suksesvol te ondervang nie. Baker en Fine (2014:86) identifiseer die volgende redes vir hierdie tekortkoming:

- *Baie min prokureurs, advokate en terapeute is voldoende opgelei, hoofsaaklik om te onderskei tussen 'n kind wat 'n ouer verwerp weens grondige redes en 'n ouer wat deur 'n kind verwerp is as gevolg van ouervervreemdingstrategieë.*
- *Weens ontoereikende kennis rakende ouervervreemding volstaan professionele persone by hul vooropgestelde denkpatroon van "it takes two to tango" en dat beide ouers verantwoordelik is vir die huidige situasie.*
- *Die oortuiging van breinspoeling of indoktrinasië deur die vervreemde ouer word dikwels deur die regsprofessie, maatskaplike werkers en sielkundiges geminimaliseer as synde sielkundige onsinnighede ("mumbo jumbo") en verkies die genoemde professionele persone dus om 'n eenvoudiger rede te aanvaar soos dat die teiken-ouer gedrag geopenbaar het wat die kind se afkeer regverdig.*

Volgens Baker en Fine (2014:138) ervaar die teiken-vader dat die hulp-sisteme bevooroordeeld is ten opsigte van die beskerming van vroue en kinders en gemanipuleer en uitgebuit word deur die vervreemde ouer. Daar bestaan tans 'n sterk vooroordeel in die praktyk by prokureurs, maatskaplike werkers en sielkundiges dat die vervreemde ouer die waarheid praat en die teiken-ouer leuens vertel om sy verantwoordelikhede te ontduik en tekortkominge te minimaliseer.

Steinberger (2006:11) bevestig dat geestesgesondheidpraktisyns saamstem dat vinnige, doeltreffende aksies van die Howe verwag word om verdere ouervreemding te voorkom en om langtermyn-skade by die betrokke partye te beperk.

Die navorser is van mening dat regs- en professionele kostes baie hoog is, en dat die teiken-ouer dikwels finansiëel so geruïneer word dat hy nie meer oor die finansies beskik om op die regsforum vir sy kind te veg nie. Dit gebeur dikwels in die praktyk dat prokureurs hulle enkele dae voor 'n hofsaak onttrek, omdat die teiken-ouer nie die foie kon betaal het nie. Die gevolg hiervan is dat die ouervreemdingsproses voortduur en dat die teiken-vader nog verder van sy kinders vervreem raak.

### **7.8 Tema 8: Toesig en kontak**

*“Jy voel soos 'n skelm, jy word dopgehou. Jy voel soos 'n tronkgevangene wat parool gekry het. Dit voel of jy jou kinders iets aangedoen het, of jy jou kinders “abuse” het.”*

'n Ander deelnemer het gesê:

*“Jy weet nie wat om vir jou kind te sê nie, jy weet nie wat reg en verkeerd is nie.*

*Jy kan nie jouself wees onder toesig nie”.*

*“Ek voel soos 'n bandiet met 'n polisieman wat my die heelyd oppas, elke woord wat ek sê, word geweeg. Dis die mees onnatuurlikste situasie onder “God” se son. Sou ek iets sê, word dit uit verband geruk.”*

Uit hierdie ondersoek het dit geblyk dat die deelnemers die toesighouers tydens toesigbesoeke negatief ervaar het en geviktimizeer gevoel het. Die bevooroordeelde houding en subjektiwiteit van die toesighouer het hulle ongemaklik laat voel. 'n Nie-veroordelende houding is nodig om hulle op hulle gemak te laat voel.

Hierdie negatiewe ervaring van die deelnemers ten opsigte van toesigbesoeke weens ouervreemding het nog min aandag in die literatuur geniet. Die navorser is van mening dat hierdie nuwe tema nog nie genoeg ondersoek is nie. Al hoe meer teiken-ouers van ouervreemding word vir toesigbesoeke verwys tydens kontakdispute weens hoë-konflik-egskeidings.

Hierdie verwysings is dikwels gegrond op valse beweringe van seksuele, fisiese of emosionele mishandeling deur die vervremende ouer teenoor die teiken-ouer.

Kontak onder toesig skep voortgesette kontak tussen 'n kind en haar of sy ouer, wat nie toesig en beheer oor die kind het nie, in die teenwoordigheid van 'n objektiewe, neutrale derde party in gevalle waar fisiese of seksuele mishandeling, verwaarlosing, ouerlike disfunksie of gesinsgeweld beweer word (Crook & Oehme, 2007:291, Stern & Oehme, 2002:272, Pulido *et al.*, 2011:379).

Volgens Pulido *et al.* (2011:379) is dit baie moeilik vir die hof om tydens sorg- en kontakdispute te onderskei tussen die regte van die ouer wat nie ouerlike toesig het nie (gewoonlik die vaders) se kontakregte met sy kind, en die risiko wat dit vir die kind inhou weens bewerings van mishandeling, psigiese ongesteldheid, middel-misbruik of gesinsgeweld, wat gewoonlik deur die ouer wat toesig het (meestal die moeder) gemaak is. Aanbevelings van kontak-toesig word dan deur die hof gemaak sonder volledige objektiewe ondersoeke deur 'n professionele deskundige. Stern en Oehme (2007:38) asook Pulido *et al.*, 2011:379) beklemtoon die volgende belangrike komponente van besoeke onder toesig:

- *Die veiligheid van alle partye tydens sorg en kontak is van kardinale belang.*
- *Die professionele persoon wat die toesig waarneem moet neutraal wees. Indien die toesighoudende persoon nie objektief en neutraal is nie, word die legitimiteit van die sorg- en kontakbesoek bevraagteken.*
- *Die deskundiges wat toesig waarneem moet die regte opleiding ontvang en toereikend gekwalifiseer wees op die spesiale gebied van kontak onder toesig (Stern & Oehme, 2007:43).*

Die konsep van neutraliteit gedurende toesigbesoeke blyk uit die literatuur 'n belangrike komponent van toesigbesoeke te wees. Stern en Oehme (2007:59) omskryf neutraliteit soos volg: "Neutrality requires a common foundation and dignity for all who participate in supervised visitation".

Literatuur plaas ook sterk klem op die noodsaaklikheid van opleiding van die deskundiges wat die toesig waarneem. Die navorser stem daarmee saam dat hulle nie alleen op hoogte moet wees rakende die patologie van ouervervreemding nie maar ook kennis moet dra van die proses van kontak onder toesig. Volgens Pulido *et al.* (2011:379) is dit noodsaaklik dat die deskundiges wat toesig hou, opgelei moet word in gesinsgeweld, fisiese en seksuele mishandeling van kinders, psigiese

siektetoestande, middel-misbruik, en die invloed daarvan op die kind, en die vermoë om neutraliteit tydens toesigbesoeke te handhaaf.

Om 'n meer effektiewe diens tydens kontak onder toesig te lewer is Pulido *et al.* (2011:384) van mening dat supervisie deur die deskundige meer gereeld moet plaasvind. Kennis van die proses sowel as objektiwiteit is van kardinale belang om effektiewe kontak onder toesig te bewerkstellig. Stern en Oehme (2002:280) bevestig laasgenoemde: "Supervised visitation was originally established to provide a crucial service, parent-child access, and was never intended to be used as a backdoor parenting evaluation".

## **8. GEVOLGTREKING**

Uit die navorsing kan die volgende gevolgtrekking gemaak word ten opsigte van vaders se ervaring en belewenis van ouervervreemding weens hoë-konflik-egskeiding.

- *Die teiken-ouer in ouervervreemding-sake ervaar intense seer wat nie alleen hartseer insluit nie maar ook 'n emosionele seer wat hulle vergelyk met die dood.*
- *Die intensiteit van woede wat die teiken-ouer ervaar, is kommerwekkend, aangesien dit tot irrasionele gedagtes en optredes kan lei.*
- *Die meeste deelnemers het 'n ervaring van verlaagde eiewaarde asook sosiale isolasie beleef. Die meeste deelnemers se ervaring was dat sosiale isolasie hulle teen verdere hartseer en seerkry beskerm.*
- *Die teiken-ouer ervaar wantroue teenoor die vervremende ouer en projekteer hierdie wantroue op vroue in die algemeen.*
- *Die teiken-ouer ervaar 'n konstante bekommernis oor die moontlike fisiese, emosionele en sosiale gevolge wat ouervervreemding op sy kinders kan hê.*
- *Uit die navorsing blyk dit dat die teiken-ouer weinig vertroue het in die hofsisteem, regs persone, sielkundiges en maatskaplike werkers.*
- *Die emosionele impak van toesigbesoeke op die teiken-ouer blyk traumaties te wees weens die gevoel van viktimisering en onnatuurlikheid van die kontakbesoeke.*

## 9. AANBEVELING

Gebaseer op die navorsingsbevindinge word die volgende aanbevelings gemaak:

